



Bou ons kinders vir môre

Konfirmasie 1

**Lestitel: Groei van die Nuwe Apostoliese Kerk (Deel 2)**

# 'n Ouerhandleiding

Sondagskooltuisonderrig



# Liewe Ouer

Welkom by die les: “**Groei van die Nuwe Apostoliese Kerk (Deel 2)**”

Hierdie dokument gee u 'n basiese handleiding oor hoe die les aangebied kan word.

Hoe om vir die les voor te berei en dit aan te bied

Hier volg 'n paar wenke vir voorbereiding en aanbieding:

Stap	Aksie
1.	Verkry toegang tot die webtuiste van die Nuwe Apostoliese Kerk deur die volgende in te sleutel of deur op die volgende WhatsApp-skakel te druk: <a href="https://bit.ly/3NACSSHS">https://bit.ly/3NACSSHS</a>
2.	<p>Versamel die volgende hulpmiddels om te verseker dat u vir die les gereed is:</p> <ul style="list-style-type: none"><li>• Bybel</li><li>• Die les in PDF-formaat wat reeds voorberei is</li><li>• Kind se werkboek, potlode, kryte, ens.</li><li>• Die kort video, wat 'n addisionele / opsionele hulpmiddel is</li><li>• Kategismus in Vrae en Antwoorde (veral vir Konfirmasie)</li></ul> <p><b>Nota:</b></p> <p>2.1: Die ideale tyd om die les aan te bied is na die Sondagoggendgodsdien, om sodoende in lyn met die normale Sondagskooltyd roetine te behou.</p> <p>2.2: Hou die les so bondig (kort) moontlik. Hou die aandagspan (om te fokus op die les) van ons kinders in gedagte. U ken u kind die beste! Normaalweg duur Sondagskool nie langer as 45 minute nie.</p> <p>2.3: Die les is vir 'n spesifieke klas (Sondagskool (SS), Godsdiensonderig (RI) of Konfirmasie (Conf)).</p> <p>2.4: Kontak gerus u Konfirmasieonderwyser indien u ondersteuning vereis of van bogenoemde hulpbronne benodig.</p>
3.	Bid (sien die gebed aan die einde van hierdie dokument) en vra God om u as instrument te gebruik om die les aan te bied soos Hy dit wil hê.



## Bied 'n Sondagskoolles tuis aan

Hoe om vir die les voor te berei en dit aan te bied

Ons gaan voort om 'n paar wenke te gee rakende voorbereiding en aanbieding:

Stap	Aksie
4	Skep 'n aangename en steurnisvrye leeromgewing waar u en die kind / kinders op dieselfde vlak kan wees. <b>Voorbeeld:</b> Sit op 'n mat of om 'n tafel.
5	Lees die les deur. Lees weer deur die les sodat u dit verstaan. Kyk na die kort video van die les om 'n beter begrip van die les te kry.
6	Maak vir jouself aantekeninge oor belangrike punte wat jy graag wil onthou.
7	Verstaan die doelwit van die les, wat deur u kind onthou moet word.
8	Bied die les vir u kind aan.
9	Wys vir jou kind die video en bespreek die betekenis daarvan.
10	Verwys u kind na die aktiwiteit in die kind se werkboek (Ek wil ook ...)
11	Bid of vra u kind om te bid om sodoende die les af te sluit.

### Beskikbare hulpmiddels vir tuisonderrig

Hiermee 'n paar hulpmiddels om die gehalte van die les te verbeter:

1. Gesels via WhatsApp met 'n ander Sondagskoolfamilie.
2. Bespreek die les met ander ouers om duidelikheid te kry voordat dit aangebied word.
3. Dit staan u vry om self navorsing te doen vir addisionele(ekstra) inligting.



## Die Les

**Lestitel**

Groei van die Nuwe Apostoliese Kerk (Deel 2)

**Lesdoelwit**

Die kinders leer van die omstandighede waaronder die Nuwe Apostoliese Kerk versprei het in die begin.

## Lesopsomming:

Die Nuwe Apostoliese Kerk is in Australië, Noord- en Suid-Amerika sowel as Suid-Afrika gevestig. Ons sal vir hierdie les fokus op hoe die kerk in Suid-Afrika tot stand gekom het. Ons sal ook 'n kort bekendstelling van Stamapostelhelper Schlaphoff doen.

Agtergrond:

Van Hamburg, Duitsland, het die Nuwe Apostoliese Kerk na Nederland versprei, en vandaar na Java, Indonesië, Chicago en New York, VSA. God se werk het ook tussen 1884 en 1914 in die Suidelike Halfrond versprei.

Inleiding:

In Australië, sowel as Noord- en Suid-Amerika, het gemeentes ontstaan toe Nuwe Apostoliese lidmate uit Europa - hoofsaaklik uit Duitsland en Switserland - daarheen emigreer. Alhoewel die mense se prioriteit was om vir hulself 'n nuwe lewe in hul nuwe vaderland te bou, het hulle ook entoesiasies oor hul geloof getuig.

Die eerste gemeentes in Suid-Afrika is deur Evangelis Klibbe gestig. Hy is in 1889 saam met hierdie kommissie van Australië na Suid-Afrika gestuur.

Inhoud:

**Suid-Afrika:** Carl Klibbe en Wilhelm Schlaphoff

- Die evangelis Carl Klibbe is in 1889 na Suid-Afrika gestuur om gemeentes hier te stig.
- Hy het sy werk in Kaapstad begin, maar ondanks die feit dat hy baie hard gewerk het, was hy nie suksesvol nie.
- Nadat hy na Oos-Londen verhuis het, het hy daarin geslaag om 'n gemeente te stig.
- Die eerste gemeentes is vanuit Duitse immigrante gevorm.
- Aangesien die godsdienste in Duits waargeneem is, was dit moeilik om ander mense as Duitsers vir God se werk te wen.



- Die evangelis Klibbe is in 1893 per brief as apostel georden.
- Wilhelm Schlaphoff het in 1890 na Suid-Afrika geëmigreer.
- Reeds in Duitsland was hy in kontak met 'n Nuwe Apostoliese gemeente.
- In 1901 het hy weer in aanraking gekom met God se werk in Oos-Londen en is die volgende jaar met sy gesin verseël.
- Nadat hy die Diakenamp ontvang het en die opdrag om in Kaapstad te gaan evangeliseer, verhuis hy in Januarie 1903 daarheen.
- Apostel Klibbe het die eerste siele in Kaapstad in 1904 verseël.
- Die eerste kerk is in 1906 in Claremont, Kaapstad, gebou.
- Benewens Duits, het Wilhelm Schlaphoff, wat sedertdien as priester georden is, ook godsdienste in Engels en Afrikaans begin waarneem.
- In September 1913 word Wilhelm Schlaphoff, wat die bediening van opsiener gehad het, tydens 'n besoek aan Duitsland as apostel georden.
- In dieselfde jaar het Apostel Klibbe hom van die stamapostel geskei en die Nuwe Apostoliese Kerk verlaat.
- Apostel Wilhelm Schlaphoff het na die gemeentes in Suid-Afrika omgesien.
- Die distrik het met groot seën voortgegaan om te ontwikkel.
- Deur die werk van ander diensknegte is gemeentes in 1910 in Johannesburg gestig en in 1912 in Pretoria, sowel as in verskeie ander stede.
- Apostel Schlaphoff is in 1928 op 61-jarige ouderdom oorlede.
- Teen daardie tyd was daar 39 gemeentes en ongeveer 7 000 kinders van God in Suid-Afrika.

#### Stamapostelhelper Heinrich Franz Schlaphoff:

- Hy is die seun van Apostel Wilhelm Schlaphoff.
- Op 5 Desember 1928 het hy die apostelamp per brief ontvang.
- Onder sy leiding het God se werk gegroei tot buurlande (Zimbabwe en Malawi).
- 'n Jaar later is die distrik van Suid-Amerika ook aan hom toevertrou.
- In 1930 het hy Argentinië, Brasilië en Uruguay besoek.
- Hy sien toe dat godsdienste waar moontlik in die taal van daardie land gehou word.
- Gedurende die Tweede Wêreldoorlog het hy na alle gemeentes buite Europa (Afrika, Noord- en Suid-Amerika, Asië en Australië) omgesien
- Op daardie stadium was Stamapostel Bischoff in Duitsland.



- Na die oorlog het Heinrich Schlaphoff vir die Suidelike Halfrond verantwoordelik gebly.
- Vanaf 1952 werk hy as distriksapostel in Suid-Afrika en hy tree in 1954 af.

## Wat beteken hierdie les vandag vir ons?

- Ons het geleer van die ontstaan van die Nuwe Apostoliese Kerk in Suid-Afrika - dit is belangrik om te weet hoe ons kerk in ons eie land ontwikkel het.
- Ons verneem dat Carl Klibbe saam met Wilhelm Schlaphoff, albei van Duitse afkoms, eers die werk van God begin het in Oos-Londen en daarna in Kaapstad.
- Aanvanklik is dienste net in Duits gehou, maar toe dienste in Engels en Afrikaans gehou is het die werk van God na ander dele van die land versprei.
- Apostel Heinrich Schlaphoff word die stamapostelhelper en werk meestal in lande van die Suidelike Halfrond.

## Bykomende inligting:

In hierdie les het ons die ontwikkeling van ons kerk in Suid-Afrika behandel. Jy mag dalk belangstel in hoe die kerk ook in Suid-Amerika en Australië ontwikkel het. In jou werkboek is daar artikels oor die ontwikkeling van die werk van God in hierdie lande. Daar is 'n interessante artikel oor die reis van Stamapostelhelper Schlaphoff na Suid-Amerika.

## 'n Gebed vir Pappa en Mamma om voor die les te bid:

Almagtige God, baie dankie vir hierdie dag

Seën alle ouers en kinders

Mag ons u teenwoordigheid aanvoel

Seën die les wat ons gaan hê

Leer ons hoe om U te dien

En help ons om U wil te doen

Sodat ons nader aan U groei

Stuur Jesus om ons te kom haal

En mag ons gereed wees om Hom te ontmoet

Amen